

HY SÁZ LEWE

Johannes 11:25[vii]

Dit is nie moontlik om in gebrekkige mensetaal presies te beskryf wat die léwe is wat die gelowige in Jesus Christus verkry nie. Jou beperkte menslike verstand kan die léwe ook nie ten volle omvat nie. Wat ons op hierdie moment kan sê is dat dit toekomsmusiek is. Ds. G. van Duinen skryf dat dit magtige musiek is. Daaroor hoef jy jou nie te skaam nie. Watter mens kan sonder 'n toekoms lewe? Dié toekomsmusiek is die mooiste wat daar is. Sulke toekomsmusiek het die wêreldling nie. Die wêreld dink hulle kan Paasfees vier. Maar al wat gebeur is dat die Paasnaweek nog 'n vakansienaweek vir die moeggewerkte mens is. Paasfees sonder Christus is om te sterwe. Maar mét Christus is Paasfees léwe. Paasfees laat jou aan die hemel dink, die poorte van die hemel gaan vir jou oop. Dit kan alleen deur die geloof plaasvind. Van die nuwe léwe kan jy 'n geloofsvisie hê. Dan sien jy dat Paasfees vir dooie mense is. Vir mense wat nie uit hulleself kan lewe nie. Mense wat nie in staat is om die werklike léwe te vind nie. Vir mense wat dink dat hulle self die nuwe lewe kan vind het Christus nie uit die graf opgestaan nie. Hy het vir dooie mense uit graf opgestaan. Hulle wat hulle saligheid en ewigheid buite hulleself in Jesus Christus soek.



'N RUK NA DIE VORIGE GEBEURE

Genesis 22:1 – “'n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God Abraham op die proef gestel.”

Abraham het in Kanaän altare gebou en tot God geoffer. God beveel nog 'n altaar. Hy moet sy seun, Isak, gaan offer. Vir Abraham was dit 'n geweldige skok. 25 jaar het hy en Sara gewag vir Isak se geboorte. Nou sê God: Offer vir Isak! God het daarmee 'n doel: **“God het vir Abraham op die proef gestel”** (vs. 1b). God toets of Abraham se geloof sterk is, of hy onwrikbaar in Hom glo. God wil vasstel of Abraham Hom meer lief het as vir Isak. God wil vasstel of Abraham sonder twyfel aan Hom gehoorsaam sal bly. God het op s'n wyse vir Job ook getoets. Op een of ander manier kan God ook vasstel of jou geloof eg is. God leer dat elke gelowige 'n tempel van Hom is (1 Kor. 3:16-17, 2 Kor. 6:16, Ef. 2:11, 1 Kor. 6:19). As jy 'n tempel van God is dui dit op heiligheid. Dit beteken vir jou groot verantwoordelikheid om die heiligheid in jou lewe te bewaar. Jy mag nie deur die sonde die tempel van God besoedel nie. Dit kan op twee maniere plaasvind: ① Jy kan dit doen deur in dwaalleer te verval. Dit is wanneer jy afwyk van wat God in sy woord laat opskryf het en jy dan jou eie standpunte oor sake inneem. ② Jy kan die tempel van God ook ontreinig deur 'n onchristelike, onreine en sondige lewenswandel. Volharding in sonde is afgodery. As gelowige sal jy besef dat die samevoeging van God se tempel (jy!) met afgode onmoontlik is en afstuur op die oordeel van God. Want God se tempel kan nie vereenselwig word met 'n lewe van sonde en ontrou nie. God is heilig daarom moet sy tempel ook heilig wees. Dit is die daaglikse stryd waarin die gelowige staan. 'n Geestelike stryd teen die Satan en sy trawante (Ef. 6:12-13). In Christus is die enigste manier waarop jy hierdie stryd kan wen.

Dr. Nico van der Merwe



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 14 November 2010

Nommer 31

GEHOORSAAMHEID SOOS GOD DIT VRA

Mense sê gehoorsaamheid is die nakoming van 'n klomp opdragte. Waar vind die Christen die opdragte waaraan hulle gehoorsaam moet wees. Vanselfsprekend die Bybel. Maar die mens kon kunsmatig en fynkam die Bybel om God se wil te verneem en uit te soek. Mense formuleer daarop honderde wette en reëls wat jy as moralistiese gelowige as “opdragte” moet beskou en wat jou hele lewe omvat. Die doop word dan 'n swaar opdrag in plaas van 'n vergunning en ander opdragte oor hoede, dasse, pakkeklere ens. ens. word ook deel van die gehoorsaamheidsopdragte.

- ♦ As mense só redeneer hou hulle nie rekening met die God van die Bybel nie.
 - ♦ God is 'n Vader, nie 'n despoot of 'n tiran of 'n slawedrywer nie.
 - ♦ Toe die mens homself deur die sonde aan die duivel verslaaf, stuur God 'n Verlosser tot hulle redding.
 - ♦ God maak vry van die slawerny van die sonde en gee 'n nuwe lewe.
- God maak nie slawe nie. God maak slawe vry! Dit is die duivel wat slawe maak. Waar die Gees van God is daár is vryheid en vreugde en blydschap en 'n vrolike lewe. *Nou kan ons die nodige vraag vra: Wat is gehoorsaamheid? Gehoorsaamheid beteken om na God te luister. Gehoorsaamheid beteken om gehoor te gee aan Gód se Woord. Met die evangeliewoord maak Christus ons vry!!* Deur sy Gees word ons gelei tot vreugdevolle nakoming van God se wil.
- ♦ Om aan God gehoorsaam te wees beteken nie om Hom te eer met gebooie wat leringe van mense is nie en slimghede wat mense uitgedink het nie.
 - ♦ Ons kan God nie behaag met die nakoming van blinde menslike regulasietjies nie. Dan het Christus verniet gesterf!

Gehoorsaamheid is vir die Christen 'n vreugde en geen las nie. Die Christen sien nie op daarteen om God se Woord na te kom nie. Uit dankbaarheid vir die verlossing in Jesus Christus is dit die Christen se grootste vreugde om God te gehoorsaam.

Dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG

Oggenddiens: **AS JESUS SWYG**

Skriflesing: Lukas 23:9

Tydens sy verhoor, voordat Hy gekruisig is, is Jesus deur Pilatus na Herodes gestuur omdat Hy 'n Galileër was. Galilea was die magsgebied van Herodes. “Herodes was baie bly om Jesus te sien” (vs.8). Hy het allerlei vrae aan Jesus gestel, maar Jesus swyg, “Jesus het hom niks geantwoord nie” (vs. 9). Die rede is dat God in die lewe van Herodes 6 ontmoetings met hom gehad het, en hy het God glad nie geantwoord nie. Toe Jesus voor Herodes staan en hy wil met graagte met Jesus praat, het God eintlik met hom klaar gepraat, Jesus het vir Herodes niks meer te sê nie, daarom swyg Hy. God het inderwaarheid voorheen indringend, vermanend en uitnodigend met Herodes gepraat, maar Herodes het nie geantwoord nie, daarom swyg Jesus, God het klaar gepraat. En jy? Voel jy ook soms asof God nie met jou wil praat nie. Die belangrike vraag is, hoeveel keer wat God met jou gepraat het, het jy geantwoord? Is dit vir God die moeite werd om met jou in gesprek te bly as jy Hom andersins ignoreer? Dit beteken dat daar by jou bekering sal moet kom en jy met oorgawe weer sal moet luister wat God vir jou sê voordat jy weer 'n gesprek met God aanknoop.

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD****Sondag 14 November 2010**

	Lied	Bladsy
1.	Psalm 121:1	608
2.	Psalm 118:1, 2, 4	580
3.	Skrifberyming 9-3:1	
4.	Psalm 146:1	702
5.	Psalm 42:5	215
6.	Psalm 33:1 & 2	162
7.	Psalm 86:1 & 6	435
8.	Psalm 118:1 & 2	575

DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 5

Hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls handel in geheel oor die **VOLHARDING VAN DIE HEILIGES.**

**Artikel 5 : DIE WARE GELOWIGES WORD NIE DEUR DIE SONDE OORWIN NIE**

Met sulke growwe sondes *vertoorn* hulle God vreeslik, *verdien* hulle die dood, *bedroef* hulle die Heilige Gees, *versteur* hulle die oefening in die geloof, *verwond* hulle die gewete ernstig en *verloor* hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dit gebeur totdat God, wanneer hulle deur 'n opregte berou op die regte pad terugkeer, weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hulle laat skyn.

[Num. 6:25; Ps. 4:7; Ps. 31:17; Ps. 43:3; Ps. 44:4; Ps. 67:2; Ps. 80:2, 4, 8, 20; Ps. 89:16; Ps. 118:27; Ps. 119:135; Efes. 4:30; Openb. 22:4-5]

**Artikel 6 : GOD SORG DAT DIE GELOWIGES NIE UIT DIE GENADE UITVAL NIE**

God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing, sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie.

[Ps. 51:13, Matt. 12:31, Joh. 13:1, Rom. 5:1]





OUERS AANDAG ASSEBLIEF!!!

STUUR ASSEBLIEF GEGEWENS VAN KINDERS SE PRESTASIES

Die verskillende skole het van nou af een na die ander hulle prysuitdelings-funksies vir 2010 en die verkiesing van Leerlingrade en Prefekterade vir 2011 vind ook plaas. Omdat die gemeente saam met die ouers trots is op en dankbaar is vir ons mooi verbondskinders se prestasies in hulle skooljare wil ons graag elke verbondskind se prestasie in Simbaal publiseer sodat die gemeentede in die vreugde kan deel en ook 'n gelukwensing kan gee aan wie dit toekom.

Sal pa's en ma's, oupas en oumas, vriende en maats asseblief laat weet van die kinders se prestasies wat tydens die toekenningsaande oorhandig is of met die verkiesing van 'n Leerlingraad. Skakel dr. Nico van der Merwe met berigte (☎ 018-468-1782) of sr. Martie Venter (☎ 018-468-6790).

U kan ook die volgende e-pos adres gebruik:
nico.vandermerwe@telkomsa.net

KERKARGIEF

Indien enige lidmaat foto's, inligtingstukke, notules, ens. oor die afgelope 30 jaar van die bestaan van ons gemeente het, en dit vir bewaring in die Kerkargief in Potchefstroom kan skenk, moet u asb. met die skriba, **oudl. At Kruger**, skakel. Sy kontakbesonderhede is 018-468-3976, 083-400-3289 of atkruger@webmail.co.za. U kan inligting ook aan die kerk-adres: Posbus 6461, Flamwood 2572 stuur. Merk dit asb. vir aandag: At Kruger. Foto's en ander gedenkwaardighede in elektroniese formaat is ook welkom.



LIEF EN LEED



LAAT ONS WEET ASSEBLIEF!

'n Vriendelike versoek: stuur asseblief alle berigte oor lief en leed vir Simbaal deur na **Martie Venter**, nie later nie as Woensdag van

elke week, sodat ons met mekaar kan meeleeft!

Werk soggens: 018 468 5022

Sel: 073 826 3526

Huis: 018 468 6790

e-pos: eisi@vodamail.co.za

martiehv@gds.co.za



KINDERHUIS

Die diakens verantwoordelik vir die Kinderhuis **wil graag al die lidmate wat reeds** tot hierdie projek bygedra het, **hartlik bedank**. Lidmate het entoesiasies meegewerk en hulp aangebied. Ruim bydraes van toiletware en bederfies is ontvang, sommige keurig in versierde skoendose verpak. 'n Lidmaat het aangebied om 'n aantal seepbakkies te skenk, 'n ander het weer seep geskenk en nog iemand het gereël vir skoendose. Ander lidmate het aangebied om, sou daar nog tekorte wees, dit aan te vul. Van ons kinders het gehelp om alles te tel en susters het aangebied om te help met die finale verpakking. **U ondersteuning en geesdrif vir hierdie projek word innig waardeer.** Dit is nou in die finale fases en sal teen die einde van die maand aan die kinders en huismoeder van Huis 3 oorhandig word.



- Die Christen glo dat God hom met sy werk sal help, nie dat God dit vir hom sal doen nie.
- Jou lewe word verryk deur die liefde wat jy gee en die haat wat jy terughou.
- Nood leer ons bid en voorspoed leer ons dikwels om dit weer af te leer.

PREEKBEURTE

Die Kerkraad het die volgende reëlings getref vir die prediking in November 2010 (Die vakansierooster sal later gepubliseer word):

Datum	Tyd	Kerkraad en Orreliste	Predikante
14 November 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Dr. Nico van der Merwe Dr. Jan Lion-Cachet
21 November 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Ts. Johannes de Bruyn Ds. Jan-Carel Erasmus
28 November 2010	09:30 18:00	Nagmaal Klerksdorp-Noord	Dr. Nico van der Merwe Dr. Jan Lion-Cachet
Die jaarlikse Kerssangbyeenkoms is vanjaar op 28 November 2010 om 19:00 in die gemeentesentrum van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp.			

SUSTERS

Sameroepster vir November: Ansie van Vuuren
Koekies / Lekkernye vir Kinderhuis:
November: Wyke 10 en 24



Uit die Woord jy mag geen weduwee of weeskind veronreg nie.
Eksodus 22:22

Wyse Woorde

As jy dink jy is te klein om 'n verskil te maak, probeer om in 'n toe kamer te slaap met 'n muskiet.

Afrika Spreekwoord

Dringende Versoek!

Dries en Monica Grobler van Kielblockstraat 74, La Hoff, is **DRINGEND** op soek na **Engelse skoolhandboeke, veral Wiskunde**. Dries werk in **Liberië** en hulle wil graag daar 'n **mediasentrum** op die been bring. Dries vertrek weer op 27 November terug na Liberië en sal graag enige boeke saam wil terugneem, aangesien daar 'n groot behoefte bestaan. Enige ander Engelse boeke is ook welkom. Skakel gerus vir **Monica** by **082 532 2162** om te reël vir die afhaal van die boeke.

JERUSALEM

God het die dreigement teen Israel se ontrouheid en afgodsaanbidding in die jaar 586 voor Christus uitgevoer. Hy het die Babiloniërs Jerusalem laat inneem en die mure laat omstoot en die tempel verbrand terwyl die volk van die Here as slawe verkoop is in Babel. In die vreemde het die mense van Jerusalem gebroke hulle siters aan die bome opgehang want wat was daar oor om 'n Sionslied van te sing? Toe het God Jerusalem jammer gekry en begenadig. Hy het die klaaglied-gebed van die ballinge verhoor en in 539 voor Christus het God hulle vrygelaat en het hulle begin om die mure van Jerusalem weer met stampe en stote op te bou. Ook die tempel.

Maar die besef dat hulle weer van genade lewe, was van korte duur. As die laaste boek van die Ou Testament, Maleagi, geskryf word, is daar maar weer sprake van blinde en lam en siek offerdiere, en van sarkastiese skimpe uit Jerusalem hemel toe oor die feit dat God nie die verskil tussen reg en onreg ken nie.

Toe het God self na die aarde gekom. In vlees en bloed, Jesus Christus. Hy het na sy eiendom gekom. Hy het wondertekens gedoen, en woorde van die ewige lewe gepraat. Nie met oppervlakkige spitsvondigheid nie, maar soos een wat gesag het. Hy het byvoorbeeld bo alle twyfel bewys wie Hy is toe Hy Lasarus uit die graf opgewek het; Lasarus wat al geruik het. Maar die mense het Hom nie aangeneem nie. Hulle het Hom in Jerusalem met die felste terme verwerp. Toe is Jerusalem uitgewys as die stad wat profete doodmaak. Toe sy woorde vir Jerusalem te veel word, het Jerusalem Hom doodgemaak.

BEROEPING VAN PREDIKANT NOVEMBER & DESEMBER 2010

Die gemeente moet asseblief kennis neem van die volgende sake in verband met die beroeping van 'n predikant:

1. **AFKONDIGING VIR NUWE NAME** – Sondag 7, 14 & 21 November 2010 het die gemeente die geleentheid om name van predikante op te gee om oorweeg te word vir 'n beroep.
2. **VERGADERING BEROEPINGSKOMMISSIE: SIFTING VAN NAME VIR TWEETAL** – Maandag 22 November 2010 om 18:30 vergader die beroepingskommissie in die konsistorie word die voorgestelde name van die gemeente bespreek en oorweeg met die oog op 'n tweetal vir die beroeping self.
3. **BREË KERKRAADSVERGADERING – VERKIESING VAN 'N TWEETAL** – op Donderdag 25 November 2010 om 18:00 vergader die breë Kerkraad om 'n tweetal te verkies wat aan die gemeente voorgelê sal word as keuse om te beroep.
4. **OUERLINGE SE RAPPORTERINGSVERGADERING** is op Donderdag 25 November 2010 direk na die breë Kerkraadsvergadering wat om 18:00 byeenkom.
5. **NAGMAAL** – Sondag 28 November 2010 vier die gemeente die sakrament van die heilige nagmaal tydens die erediens om 09:30.
6. **GEMEENTEVERGADERING VIR BEROEPING** is op **Sondag 5 Desember 2010** voor die oggenddiens om 09:30 tydens 'n gemeentevergadering sal 'n predikant op die ordelike wyse beroep word.



- Die lewe eindig nie in die dood nie; dit virk slegs daar.
- Die ware beeld na buite is 'n replika van die binnebeeld.
- Vir die ydele is diegene belangrik wat hom belangrik laat voel.
- Die waarheid laat die verf van die leuen onoglik opskilfer.
- Hoe stomper die gewete, hoe skerper die tong.

OP DIE DRUMPEL VAN DIE VERSOEKING

Titus 2:11-12

“Die genade van God wat verlossing bring het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe.”

Paulus gee nie in Titus 2:1-15 wette en regulasies wat 'n voorvereiste vir jou verlossing is nie. Paulus se doel is om seker te maak dat die Woord van God nie as wantroue beskou moet word nie (vs. 5). Hy wil teenstanders verlei maak omdat hulle niks slegs van die gelowiges kan sê nie (vs. 8) en hy wil die aansien van die leer van God ons Verlosser verhoog (vs. 10). Dit gaan dus om gedrag wat die gevolg van die verlossing is. Die “oorlewering van mense”(dwaling) staan in direkte kontras met “Christus” (die regte weg). Paulus verwerp alle filosofieë wat voorgee dat die mens – en nie Christus nie – die antwoorde op die lewensvrae bied. Só 'n filosofie word uiteindelik 'n vals godsdiens want dit is nie God se Woord wat die weg wys en die vrae beantwoord nie, maar die denke van die mens. Voordat die Kolossense tot geloof en bekering gekom het, het hulle geleef onder die invloed van dié filosofieë en die heidense omgewing. Hulle was blootgestel aan heidense gedagtes en duiwelse voorkeur. Hulle moet daarom waaksaam wees dat hulle nie van Christus af weggevoer word terug na die heidense lewenswyse nie. Elke gelowige staan vandag voor die gevaar om deur 'n onskriftuurlike lewenspatroon van God weg te dryf. As verlostes in Christus moet die gelowiges soos verlostes lewe. Jou gedagtes moet deur die Heilige Gees uit die Bybel geprogrammeer word en nie deur die dwalinge van die tyd nie. “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe” (Rom. 12:2).

KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
14 November	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma
21 November	Barmhartigheid	Teologiese Studente
28 November	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
		
GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 14 November tot Saterdag 20 November 2010		
Sondag 14 November	Oggenddiens	09:30
Sondag 14 November	Aanddiens	18:00
		
TEESKINKBEURTE		
Sondag 14 November 2010	Geen teeskink	
Sondag 21 November 2010	Geen teeskink	
VERJAARDAE		
16 November	Karin Coetzee	
17 November	Louisa Smit	
17 November	Martin van der Merwe	
19 November	Cecile van der Merwe	
20 November	Jan Albert de Kock	
21 November	Lomie le Grange	
Baie geluk met julle verjaardae. Mag die nuwe jaar voorspoed, vreugde en goeie gesondheid inhou.		



Tragies. 'n huwelik sterf meesal nie skielik nie. Dit is 'n lang proses van aftakeling en verwaarlosing. Die redes daarvoor is so vervleg dat dit bykans onmoontlik is om skuld uit te deel. Hy het gedrink omdat sy afsydig was. Sy was afsydig omdat sy hom eers nie verstaan het nie, en later omdat hy gedrink het. Sy het sy toenadering nie verstaan nie, omdat hy haar nie verstaan het nie, omdat hy dom en lomp was. En toe die verwydering intree en lang rusies en die opmaak sy glans en erns verloor omdat beloftes nie gehou (kan) word nie, het sy en hy diep in hulle harte geweet dat hulle 'n fout gemaak het om te trou. Dat sy agtergrond tóg verkeerd was; dat haar kamma sterk persoonlikheid verbloemde despotisme was.

KUNSTENAARS VAN GOD

Oholiab en ander word aangewys om die tabernakel van God te bou (Eks. 36:1). Hy was verantwoordelik vir die kunswerk daarvan. Oholiab was uitnemend geskik, want hy was 'n vakman en 'n ontwerper en 'n wewer van blou, pers en bloedrooi wolstof en van linne (Eks 38:23). Oholiab het die vermoë om die fynste en delikaatste kerf-, giet-, borduur- en weefwerk te doen. Oholiab het van God wysheid, insig en vaardigheid ontvang om sy talente aan te wend vir die bou van die tabernakel (Eks 31:6) dit was nie sy eie vernuf en briljantheid nie. Die tabernakel is gesien as die woonplek van die Here en Oholiab was begenadig om daaraan met sy hande en talente te werk, soos elke gelowige met sy gawes bouwerk moet doen in God se koninkryk. *Kunsvorme* is deel van God se opdrag om die skepping te bewerk en op te pas (Gen. 2:15). *Wysheid* is nie 'n studeerkamer vol boeke of massas feite in ensiklopedieë nie. *Wysheid* koppel ons aan iemand se intelligensievermoë (IK). Wysheid in die Bybel is wysheid op alle vlakke van die lewe. Byvoorbeeld: *Vakmansbekwaamheid* word as wysheid beskou. 'n Hele klomp vakmanne, kunsvaardige mense, het help bou aan die tabernakel (Eks. 36:4) en ook die tempel (1 Kon. 7:14). Daar was kleremakers, ontwerpers, weefsters en spinsters, borduursters asook goud-, silwer-, yster-, brons- en kopersmede en skrynwerkers. Telkens word van dié mense gesê dat hulle *wysheid* van God kom (Eks. 28:3; 31:3; 35:31, 35; 1 Kon. 7:14). Daar is ook *seemanswysheid* (Ps.107:27), *koopmanswysheid* (Eseg. 28:4, 12), *regeerderswysheid* (Gen. 41:39). Die wysheid waarvan die Bybel praat, is dus nie afgeslote brokstukkies kennis wat weggesteek word tussen die blaaie van die baie boeke in die biblioteek nie. Deur die kunste moet gebou word en nie afgebreek word nie. In Gods koninkryk is elke verlore kind geroep om met die gawes wat God aan hom gee bouwerk te doen. Jou besondere lewensvaardighede moet aangewend word tot voordeel van God se koninkryk en tot eer en verheerliking van sy Naam (1 Kor. 10:31). Waarmee het die Here jou toegerus of jou kinders of jou kleinkinders? Julle het die opdrag om met hierdie besondere gawes, musiek, sang, voordrag, skilder, woorde, kunswerke, God se Naam te verheerlik. Wat 'n heerlike en loflike roeping... wees dankbaar toegewyd in hierdie taak. Jou kunssinnigheid wortel in die genade van die Here want net deur sy toedoen het jy die kuns gawes ontvang en kan jy daaraan uiting gee in die sekere kunsvorm wat jy bedryf.

Dr. Nico van der Merwe